

Kabeldiewe laat Heilbron sonder krag

Heilbronniers was onverwags op Dinsdag, 30 April om stiptelik 13:00 sonder elektrisiteit gelaat. Met 'n week wat reeds kortgeknip is met Werkersdag op Woensdag, het die skielike kragonderbreking 'n hele paar besighede en huishoudings onder groot druk geplaas nadat kabeldiewe toegeslaan het. Dié diewe het toegang tot die substasie verkry deur oor die heining te klim en die hek oop te forseer. Volgens die misdaadtoneel blyk dit asof die kabeldiewe presies geweet het watter kables om te steel.

Eskom se tegniese span het die dag gewerk om die elektrisiteitstoevoer te herstel. Dit is egter eers teen Woensdagoggend 06:00 herstel en kon Heilbronniers weer hul ligte aanskakel. Vanweë die krag wat so lank af was, het dit druk op die waterwerke geplaas en het die reservoirs het leeggeloop. Gevolglik was die dorp die res van Woensdag sonder water totdat die pompe weer genoeg water vir die dorp se aanvraag kon voorsien.

Tot en met druktyd is daar nog niemand in hegtenis geneem vir die steel en beskadiging van die kables nie. Die Polisie vra dat enige inligting wat kan lei tot arrestasies deurgegee kan word aan die SAPD.



Op die foto bo is die Sub-kragstasie waar die kables gesteel is wat gelei het tot die kragonderbreking.

Inlas: Van die kables wat beskadig is.

MISDAADverslag

Meer as drie jaar later kry twee veediewe hulle verdiende loon. Nege beeste van mnr Malan, terwaarde van R66 000, is gedurende die aand van 8 Oktober en oggend 9 Oktober 2015 gesteel te plaas Bethlehem in die Oranjeville distrik.

Die volgende dag, 9 Oktober is sewe van die nege beeste teruggevind tydens 'n veiling in Potchefstroom. Drie verdagtes is dieselfde dag gearresteer vir die gesteelde beeste. Op 18 April 2019 is twee van die drie verdagtes skuldig bevind. Lucas Vries (67) is skuldig bevind en gevonnis vir R20 000 of drie jaar

gevangenisstraf waarvan twee jaar opgeskort is vir vier jaar. Miho David Mofokeng (25) is skuldig bevind soos aangekla op veediefstal en is gevonnis vir R10 000 of 18 maande gevangenisstraf waarvan twee jaar opgeskort is vir vier jaar. 'n Nissan dubbelkajuit bakkie en sleepwa is aan die staat verbeurd verklaar.

Die beeste was maklik herkenbaar as gevolg van tatoeëmerke in hul ore, hulle het ook brandmerke gehad wat identifikasie maklik gemaak het. Boere word aangemoedig en moet onthou om hul diere duidelik te merk sodat die diere maklik uitgeken en terugbesorg kan word aan hul eienaar.

FRANKFORT VEILING

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING Elke Donderdag te Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en
inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwid Noord:
“Waar sake ELKE keer die EERSTE keer
REG gedoen word!”

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07

NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za





Find us on:

  IECSouthAfrica • www.elections.org.za

VOTE ON
#XsêDay
8 MAY 2019
7AM - 9PM
NATIONAL & PROVINCIAL
ELECTIONS
0800 11 8000

 
YOUR X IS YOUR SAY





Briewe aan: Redakteur

Dienssentrum lede leer meer van "karakter-koekies"

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell gerig aan die redakteur. (Geneem uit Heilbron se kerk-blaadjie)

Skoonheidsmiddels
'n Christenvrou is eendag gevra wat sy gebruik om haar hele wese so pragtig, en aantreklik te maak. Sy het geantwoord: "Vir my lippe, gebruik ek die Waarheid"
Vir my stem, vriendelikheid.
Vir my oë gebruik ek barmhartigheid
Vir my hande, liefdadigheid
Vir my postuur, opregtheid.
Vir my hart gebruik ek liefde.
Vir enigene wat nie van my hou nie. Gebruik ek gebed.

Wat is die lewe? As jy kan vergewe sonder om 'n woord te sê. As jy liefde in iemand se oë sien, sonder om te vra. As jy kan glimlag sonder 'n rede. As jy kan gee, sonder om terug te verwag. As jy luister na die Stem van God sonder om te twyfel. Kan weet, daar's 'n Hand wat jou vashou as jy gly. Sy liefde wat jou optel as jy val. Arms van Hom wat jou stut, as jy struikel. Met Hom by jou, dis die Lewe!
Ingestuur deur Heléne

Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur e-pos vir Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033 E-pos: heraldnuus@heilbron.co.za



Professor Google praat van koekies met glans versiering, maar by Heilbron Dienssentrum praat hulle sommer van karakter-koekies. Yolande Rossouw het vir die lede kom demonstree hoe om "ice biscuits" te maak. Die lede het dit baie interessant gevind. Op die foto is van die karakter-koekies en Yolande Rossouw.

Misdaad statistiek in Suid-Afrika

Die besit van vuurwapens

In die afgelope drie finansiële jare (vanaf 2015/16) is meer mense met messe en skerp voorwerpe in Suid-Afrika vermoor as met vuurwapens. Bowendien het die polisie geen rekord oor hoeveel van die betrokke vuurwapens wettig of onwettig was nie. Dit blyk uit die antwoord van die minister van polisie, Bheki Cele, op 'n amptelike parlementêre vraag van die VF Plus oor die aangeleentheid. Op die vraag oor hoeveel mense in die drie finansiële jare met vuurwapens, en hoeveel met messe en skerp voorwerpe vermoor is, het die minister geantwoord dat 20 907 mense met messe en skerp voorwerpe vermoor is, teenoor die 17 914 deur vuurwapens. In die ooreenstemmende tydperk is 58 025 moorde in Suid-Afrika gepleeg. Die minister kon nie antwoord op die vraag oor hoeveel van die vuurwapens wat by dié misdade betrokke was wettige vuurwapens en hoeveel onwettige vuurwapens was nie. Volgens hom kan die misdaad-administratiewe stelsel nie onderskei tussen wettige en onwettige vuurwapens nie. Die verskoning dat die misdaad-administratiewe stelsel nie kan onderskei tussen wettige en onwettige wapens nie is swak en onaanvaarbaar. Die huidige minister en vorige ministers van polisie het deurentyd wettige vuurwapen-eienaars daarvan beskuldig dat hulle die oorsaak is van geweldsmisdade en dat die meeste moorde met vuurwapens gepleeg word. Nou erken die minister dit is onwaar en hy is die wettige vuurwapen-eienaars van Suid-Afrika 'n verskoning verskuldig. Bheki Cele se onlangse uitspraak by die vernietiging van vuurwapens by Arcelor-Mittal in Vereniging dat dit beter sal wees

as private burgers eendag geen wapens het nie en slegs die polisie en soldate toegang tot vuurwapens het, is ondeurdrag aangesien hy sy uitlating grond op die mite dat meeste moorde gepleeg word met vuurwapens. Die minister erken dat onwettige vuurwapens 'n groot probleem is, maar onwettige wapens neem toe as gevolg van onwettige wapenhandel, diefstal by polisiekantore en ander staatsinstellings. Die minister moet die syfer verskaf oor hoeveel vuurwapens by staatsinstellings, en hoeveel in private besit gesteel en geroof is. Hy moet ook sê hoeveel onwettige wapens daar is deur wapensmokkelary. Die jongste misdaadsyfers is 'n bewys dat die polisie misdaad, en veral geweldsmisdade, nie onder beheer het nie en dus faal in sy grondwetlike plig om die mense en hulle besittings in Suid-Afrika te beskerm. Indien die staat jou nie kan beskerm nie, het jy die volste reg om jou en jou gesin met al die moontlike middels te beskerm, insluitend die besit van 'n vuurwapen ter selfverdediging. Dit is ook 'n gemeenregtelike reg wat elkeen het. Die ontwapening van die burgery sal misdadigers bevoordeel en misdaad bevorder wat dramaties sal toeneem. Die industrie en veral die wildbedryf in Suid-Afrika wat meer as R10 miljard bydra tot die ekonomie, sal vernietig word. Die Vryheidsfront Plus sal alles in sy vermoë doen om teen die moontlike ontwapening van die publiek terug te slaan deur die reg van die gebruik van vuurwapens te verdedig en te verseker.

Kontaknommers: 083 627 4397 / 065 801 7216.

Bron: Dr. Pieter Groenewald - VF Plus-leier



Hope pret by Heilbron Dienssentrum

'n Vasvrae tussen die lede van Heilbron Dienssentrum is altyd baie gewild en hope pret. Hierdie week het Span-A gewen met elkeen 'n sjokolade as prys. Span-B moes elkeen met 'n toffie tevrede wees. Volgende week se onderwerp op die program is GENADEDOD. Dit belooft om baie insiggewend te wees.

	3			8				
		8	9			7	3	
7				6	4		9	
1		7	8				2	
		3				5		
	8				7	9		3
	1		2	3				9
	4	9			8	1		
				1			6	

SUDOKU

Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

Heilbron

Herald

Els Street 44 Heilbron

Tel: 058 8523 033

E-Mail: heraldoffice@heilbron.co.za

It's

Pointless

getting your

Office

Products

anywhere else

Office Products Catalogue

Edition 20

Out Now



Tel: 058 852 1140

Boerewors Ouma's	R69.90
Kampvuurwors	R59.90
Beeswors met egte geelvet	R98.90
Maalvleis	R62.90
Varktojps (gemeng)	R49.90
C-klas beestowe	R55.90

WILDBEWERKING

Droog fasiliteite

BESKIKBAAR

- Lamsosaties
- Fillet- & varksosaties
- Prego Steaks
- Pork Steaks met magical Rasher

special

R64.90 p/kg

{

Skaapboud

Skaaprib

Skaapnek

}

Mother's Day
Sunday
12
May

Mamma,
spandeer R250
op Moedersdag
& kry 'n
R50-geskenkbewys
vir jou volgende besoek

Eerste 50 Ma's ontvang
ook 'n gratis geskenk

Gelukkige Moedersdag!
BUFFALO VALLEY SPUR
058 853 0061


Steak Ranches



**Onthou
Moedersdag
Sondag 12 Mei**



MERK JOU KALENDER
 2 - 3 AUGUSTUS '19
 FONDSE GAAN NA VERSKEIE
 LIEFDADIGHEIDS-ORGANISASIES



50%
DISCOUNT
ON YOUR
A4 OR SMALLER
CANVAS PRINT

Valid until 8 May 2014
Discount Excludes Frame & Setup cost of R25.00
Orders or Enquiries
heraldgraphics2@hellbron.co.za



GO BIG
IS BACK!

DIS ONS VERJAARSDAG!
56 000 KOPERS
SAL HULLE INKOPIES
GRATIS WEN
KOMPETISIE EINDIG 19 MEI.

SPAR 



**KOOP MY
OM TE
WEN**

**SOOS OP
TV**

Parmalat
Cheddar, Gouda of Wit Cheddar
850 g

84⁹⁹ elk



**KOOP MY
OM TE
WEN**

**SOOS OP
TV**

Stork
Country Spread
Margarien Bakkie
1 kg

28⁹⁹



**KOOP MY
OM TE
WEN**

SPAR
Langlewe Melk
Volroom,
2% Lae-Vet of
Algeroom
6 x 1 liter

67⁹⁹ per pak



**KOOP MY
OM TE
WEN**

**SOOS OP
TV**

Bokomo
Weet-Bix
900 g

38⁹⁹



**KOOP MY
OM TE
WEN**

Jacobs
Krönung
Rich Aroma of Gold
KITSKOFFIE (200 g)
of Spaarpak (250 g)
(Kafeienvry uitgesl.)

78⁹⁹ elk

Beskikbaar by uitgespekte SPAR, SUPERSPAR en KWIKSPAR winkels (SPAR Express winkels uitgesluit) tot en met 5 Mei 2019 terwyl voorraad hou. Ons behou die reg voor om hoëeesthede te beperk. TV-produkte landwyd beskikbaar. Nie beskikbaar in die Upington of Keimoes area, KwaZulu-Natal, die Laevelde of die Wes- en Oos-Kaap nie. Pryse sluit BTW in.

Vir meer besonderhede besoek ons webwerf of skakel na 0800 100 000

Winkels op 11

KOM ONS KIES

DAAR IS SEER SEKERLIK NIE IEMAND IN SUID-AFRIKA WAT NIE WEET WAT OP 8 MEI GAAN GEBEUR NIE. Die pers is vol daarvan, advertensies oor die radio en TV, en as jy nie True Caller op jou foon het nie, bel Maimane jou sommer en vertel vir jou waarom jy vir hom moet stem. Maar o wee, jy kan nie met hom 'n gesprek voer nie, want dit is 'n opname wat in jou ore babbel.

Toe my foon lui, antwoord ek dit ingedagte. Toe ek hoor dat dit 'n opname is, druk ek baie vies die rooi knoppie. En toe eers sien ek dat dit Maimane se blou party was.

Elkeen gebruik sy eie inisiatief (of hofsaak of ondeurdagte kommentaar). Hoe dit ook al sy: iewers gaan dit iemand totaal oorhaal om vir die party te stem en iemand gaan heeltemal imuun raak.

Jimmy Carter en Ronald Reagan was kop-aan-kop in die verkiesingsresies. Daar was nog net een debat wat gewag het. Carter het sy notas gemaak vir die debat. Hy het *punchlines* gehad, strategieë wat hy sou aankondig. Hy het alles op die punte van sy vingers geken.

'n Paar dae voor hierdie belangrike debat moes plaasvind, vind Carter uit dat die kopie van sy notas weg was. Skoonveld.

En toe kom die debat. Reagan het vir Carter vermorsel. Dit was asof Reagan presies geweet het wat Carter wanneer sou sê. Hoe toevallig.

Blykbaar het een van Reagan se personeellede die notaboekie “iewers” opgespoor. Hy het die notaboekie na Reagan toe geneem. En natuurlik het Reagan gedoen wat enige politikus sou doen: bestudeer die notas. 'n Week daarna wen Reagan die verkiesing. Blykbaar het Carter van toe af sy notas onder slot en grendel gehou.

Dan is daar die storie van Jón Gnarr. Hy was 'n nar. Nie letterlik nie, in elk geval nie met 'n rooi neus en 'n geel pruik nie, maar dit kon netsowel gewees het. Hy was 'n komediant. (Gaan lees wat het onlangs in die Oekraïne gebeur).

Jón Gnarr is 'n inwoner van Reikjavic in Ysland. Hy het politici nagmaak en hulle die hoenders in gemaak met sy nabootsing van hulle. Hy begin toe sy eie party: Die Beste Party. Regtig!

Een van die kwessies wat hy gepropageer het was om 'n replika van Disneyland by die stad se lughawe te bou. Hy het ook belowe dat hy al sy verkiesingsbeloftes sal breek. En dan was sy verkiesingslagspreuk iets soos: “Ons belowe om korrupsie te stop. Ons sal dit doen deur openlik daaraan deel te neem.”

Hy het die burgers van Ysland lekker laat giggel tydens die verkiesingspraatjies. Party mense het gedink hulle sal maar vir die komediant stem, al is dit net om die arme drommel nie te laat sleg voel nie.

VERRASSING: Jón Gnarr wen toe die verkiesing. En blykbaar is hy nie sleg nie. Behalwe dat hy hom nie baie waardig gedra nie: hy trek aan soos Darth Vader en daag dan so by partytjies op. Hy loop soms in vroueklere om mense se reaksie te sien.



In 1996 het Rusland sy tweede presidensiële verkiesing gehou. Die president in daardie jare was Boris Jeltsin, by wie ons die woord “perestroika” gehoor het. Hy het 'n meedoënlose geveg met die leier van die Kommuniste, Gennady Zuganov, gevoer. Hulle was sò naby aan mekaar dat die regering besluit het om kiesdag 'n openbare vakansiedag te maak (nes in SA) sodat elke burger sy stem kon gaan uitbring.

Ongelukkig vir Jeltsin was die lug daardie dag oopgetrek, 'n heerlike, sonskyndag. Hy het geweet dat mense nie eintlik na

die stemlokale sou stroom nie: wanneer dit 'n lekker dag was en nog boonop 'n vakansiedag, sal inwoners eerder iewers gaan piekniek hou of 'n luilekkerdag deurbring. Blykbaar was die Russe sò lus vir vakansie dat hulle hulle nie baie aan die verkiesing gesteur het nie. Jeltsin moes 'n manier vind om die mense in die stede en dorpe te hou en hulle te keer om uit te wyk na die strand toe of iewers in die platteland.

In daardie jare was Tropikana (hulle ekwivalent van The Bold and The Beautiful) hulle kykverdryf. Jeltsin het blykbaar met die staatsuitsaaidiens gereël om op stemdag drie nuwe episodes uit te saai. Toe die inwoners dit hoor, het hulle ewe skielik hulle vakansiedagplanne verander, en die meeste van die inwoners het tuis gebly. Om TV te kyk, natuurlik. Die episodes is nie direk na mekaar uitgesaai nie, maar het vir die kykers 'n geleentheid gegee om gou te gaan stem.

Jeltsin het 54% van die stemme op hom verenig. Praat van melodramaties!

ONS BEURT KOM VOLGENDE WEEK. Al wil die res van die wêreld ons anders oortuig, het die geskiedenis nie in 1994 begin met die eerste demokratiese verkiesing nie. Ek dink die eerste verkiesing in SA was in 1910.

Die aantal partye het baie vermeerder, die gesigte het verander, die logos ook en die kleure. Maar die dilemma is steeds dieselfde: wie gaan ons volk kom lei?

Ek bid al lank vir die verkiesing. Ek bid vir mense wie die Here vrees. Smetlose leiers na wie ons kan opkyk. Israeliete sonder bedrog. Navolgingswaardige mense.

Dis dalk nie wat ons nou al in ons land ervaar nie, maar ons kan daaroor droom en daaraan glo en daarvoor bid.

Wanneer jy op 8 Mei gaan stem, doen dit uit die diepte van jou oortuiging. En as jy nie wil gaan stem nie, kan jy nie oor 'n maand of wat kla oor wat die regering doen nie. Want jy het nie jou deel gedoen nie.

En as jy dink dat jou een stemmetjie nie 'n verskil kan maak nie, dink weer. Want as 10 000 mense so dink, kan ons 'n verskil maak.

Sterkte met jou stem. Moenie vir die komediant stem nie. Kyk maar of jy so tussen die laaste reeks van Game of Thrones 'n tydjie kan afknyp om te gaan stem.

Gelukkig het ons 'n ou PVR en kan darem bietjie langer in die tou staan.

KERKNUUS

NG MOEDERGEMEENTE

Sondag: 09:30 Erediens

Sagte Kollekte / Kleuterkerk / Kategese
Sin Kol: Fonds vir Middestad- en Arbeidsbediening
Gemeentetee Blok 4

NG SUID

Sondag: 09:30 Erediens

Sin Kol: Bedieningsfonds / Kategese
18:00 Aandnagmaal

GEREFORMEERDE KERK

Sondae: 09:30 Erediens

Kol: Bybelverspreiding / Katkisasie Les 11
Diensbeurte: Wyk 7 & 1

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

H.v Stoffelnel- en Nicolstrate

Sondae: 10:30 Erediens / Kategese 10:00

Kontak Ds L.M Prinsloo 016 973 1011, 083 943 4561

AGS PLEINSTRAAT 72

Sondae: 10:00 Erediens

Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

CHRISTUS GEMEENTE

(H/v Right- & Gilbertstraat) - Sondae: 09:30 Erediens

AP-KERK

Tweedestraat, Vegkop-uitbr.

Sondag 10:00 Erediens (Heilbron) / VBO Les 12 / Deurkollekte DVB
Susters Bestuursvergadering / Skinkbeurt Groep 1

METHODIST CHURCH

Sunday: Worship service 09:30 each Sunday.

Almal welkom / All welcome.

Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA

Sondag 10:00 Erediens - Kontak MP Malindi 078 054 2862

EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE

Hou erediens te op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

EVANG. GEREFF. KERK

FRANKFORT (MARKSTR. 20)

Sondagoggend: 10:00 Erediens

18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00

Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

AGS PETRUS STEYN

Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477

Sondae: 10:30 Erediens / Woensdae: 18:00 Biduur

PENTECOSTAL CENTRE

(Assemblies of God, Sandersville)

Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /

Maandag: 18:30 Jeug / Dinsdag: 18:00 Gemeentebiduur - Matt 26:38,

Jak 5:16, Eff 6:18 / Woensdag: Huissel, Donderdag: 18:00 Sustersbidaand

Vrydag: 18:00 Jeugaand, Saterdag: 15:00 Worship Team oefen.

Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190

Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

AGS KERK SANDERSVILLE

Sondae: Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00,
Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE

Dinsdae: 17:00 Jeugdienste & Oefeninge / Woensdae: 17:00
Gemeentediens & Biduur / Sondae: Heiligmaking om 10:30.

Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of
Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT

Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00 / Aanddiens: 18:00
Woensdae: 18:00 Bybelstudie
Navrae: Ds Adriaan Bester 060 953 1880

DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF

Sien ons webblaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/
booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.

Navrae: Bel/SMS 079 833 3283

(He who believes shall obey, for by his obedience
he proves that he believes).

Heilbron Herald

GEMEENSKAPSNUUS

Op en Wakker
Dienssentrum
vir Bejaardes Reitz

Program vir week

Maandag
09:00 Kooroefening
Dinsdag
09:00 Bloeddrukke
Woensdag
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
Donderdag
10:00 Sosiale program
Vrydag
09:00 Bybelstudie
Kontakpersoon
Petro Pretorius
082 325 1322

Heilbron
Dienssentrum

Breëstraat 57, Heilbron
• Tel: 072 220 7272

Bestuurder: S. Meades

PROGRAM

MAANDAE:

08:45 - Gimtrim

DINSDAE:

09:30 - Bloeddrukke

word geneem.

10:00 - Ledeprogram

(Elke week iets anders)

WOENSDAE:

10:00 - Speletjies,

Jukskei ensovoorts.

Elke week iets anders.

DONDERDAE:

17:00 Kooroefening

Geen byeenkomste
tydens skoolvakansies



RIEMLAND MUSEUM
TYE

VRYDAE 09:00 - 13:00

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

Biblioteek Tye
Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week
vir die publiek oop en die tye is as volg:

MAANDAE TOT VRYDAE
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP
SATERDAE, SONDAE &
OPENBARE VAKANSIE DAE.

MAMMA

Twee blommetjies vir mamma
Want sy kook my kos
Nog twee blommetjies vir mamma
Sy maak my knope los
Twee blommetjies vir mamma
Want sy sing vir my
Nog twee blommetjies vir mamma,
sy sit pleisters op 'n sny.
Twee blommetjies vir mamma
Want sy luister as ek kla.
Al die blommetjies vir mamma
Sy is die mooiste beste ma.
(Geneem uit daaglikse woord)
Ingestuur deur Heléne Howell

GEKLASSIFISEERD

Small

Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eenaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elksstraat 44, Posbus 166, Heilbron Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140 www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Lizzy herald@heilbron.co.za
- (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za
- (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- Delareyz finance@heilbron.co.za
- (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za
- (Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za
- (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za
- (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Jolandri heraldnuus@heilbron.co.za
- (Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

WEERVOORSPELING

Sa 4 Mei	9 / 27	Sonnig
So 5 Mei	13 / 27	Sonnig
Ma 6 Mei	13 / 26	Sonnig
Di 7 Mei	9 / 25	Sonnig
Wo 8 Mei	9 / 25	Sonnig
Do 9 Mei	9 / 27	Sonnig
Vr 10 Mei	10 / 28	Sonnig
Sa 11 Mei	10 / 27	Sonnig
So 12 Mei	9 / 26	Sonnig
Ma 13 Mei	8 / 25	Sonnig
Di 14 Mei	10 / 25	Sonnig

KENNISGEWING

KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van wyle ANNA PETRONELLA ELS, Identiteitsnommer: 450415 0011 085, wie getroud was binne gemeenskap van goedere met CORNELIS WILHELMUS ELS, Identiteitsnommer 381231 5013 081, egpaar wat woonagig was te plaas Lettiesrust nr. 631, distrik Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 18 Junie 2018, boedel nommer 5722/2018. Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasië- en Distribusierekening by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros in Heilbron, Vrystaat, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê. JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF BREËSTRAAT 33 POSBUS 199 HEILBRON, 9650 GEREGISTREERDE OUDITEUR

AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.

TE KOOP

68 Claas Stroper met 'n sonneblom- en koringtafel. Skakel 064 903 7517 K1662

ONTHOU

Moedersdag 12 Mei Vadersdag 16 Junie

BLOEDSKENK DATUMS

HEILBRON PLEK: N.G Kerkzaal (Suid)

- 28 Mei 2019
- 23 Julie 2019
- 19 Sept. 2019
- (Op 'n Donderdag en nie op 'n Dinsdag nie, 24ste is 'n vakansiedag en langnaweek).
- 26 November 2019

DIENTE

HEILBRON KLINIEK

Griepsuite nou beskikbaar by kliniek.

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley. Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 Piet Meiring 082 571 4191 peerlandhandel@gmail.com

TE KOOP GEVRA

Op soek na 'n 6-Geweer kluis om te koop. Kontak Mari 082 413 6071

SKOOL TERMINE

- Sluit 14 Jun.
- Open 9 Jul. • Sluit 20 Sept. • Open 1 Okt
- Sluit 4 Desember

TE KOOP

GiG Technologies Fast, Reliable Wireless Internet Now Available!! From R299.00 p/m

0772 940 4495 www.gigithe.com

TUPPERWARE TE KOOP

Vir bestellings kontak Jolandri 079 846 1075 Heilbron

ROLSTOEL PROJEK

Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoel geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

Ons hoor graag van jou

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskaps-koerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Jolandri kantoorure by 058 852 3033.



TE HUUR

TE HUUR

Oppervlak ±360vk meter.

STENHARD NUWE GEDEELTE

- 4 x Kantore.
- 1 x Lokaal geskik vir handeldryf.
- 1 x Groot lokaal vir stoorplek of werkswinkel.
- Kombuis
- Goeie toiletgeriewe ens.
- Kontak: Gert 073 468 8710 Bertha 083 306 1301 (Kan ook onder verdeel word)

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar. Bespreek by Magda Bierman 083 292 1503

TE HUUR

- Netjiese twee slaapkamerhuis te huur. R3 500 pm.
- Groot ruim vier slaapkamerhuis te huur. R4 600 pm
- Skakel Annelize 082 331 9856 Heilbron Eiendomme R

WOONSTEL TE HUUR

1 Slaapkamer woonstel te huur. Onmiddellik beskikbaar. Skakel Derré 082 478 3566 K1660

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Oir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON

Tel: 058 852 2041

Petro Meintjes - 083 308 9159

LINDA LIEBENBERG PROPERTIES 082 577 5385 T-HOD • Real Estate Qualification • NQF Fetc Level 5

PRAGTIGE WOONHUIS IN VEGKOP TE KOOP.

R875 000 ONDERHANDELBAAR

Intrek en bly huis, geen restaurasiewerk nie.

- 3 Slaapkamers plus studeerkamer.
- Splinternuwe matte en teëls.
- Pragtige moderne houtkombuis met aparte opwas.
- 2 Pragtige badkamers.
- Gelamineerde vloerafwerking.
- Elektriese hek.
- Dubbelmotorhuis met dubbel afdakke.
- Koopkrag. • Moderne onthaalarea met ingeboude braai.
- Gevestigde tuin. • Uitstekende koop.

Linda Liebenberg Eiendomme 082 577 5385 Website: www.lindaliebenbergeiendomme.co.za E-Mail: liebenberglinda@gmail.com

KENNISGEWINGS

KENNISGEWING

SLOOTKRAAL- & GOTTENBURG BRANDBESKERMINGSVERENIGING

Neem kennis van die jaarvergadering van Slootkraal- & Gottenburg Brandbeskermingsverenigingvergadering wat gehou sal word.

Datum: 21 Mei 2019 - Tyd: 14:00

Plek: Boeresaal by Heilbron Golf Klub

Spreker: Pieter Kemp (BBV) & Paul Els (Versekering) Dit is belangrik dat alle lede en voornemende lede in die omgewing die vergadering sal bywoon.

Navrae: Marais Breytenbach 079 874 8849 Elsabé Engelbrecht 082 308 6797

KENNISGEWING

Brandbeskermingsvereniging Sektor 2A en 2B

Neem kennis van Brandbeskermingsvereniging Sektor 2A en 2B se algemene jaarvergadering.

Datum: 10 Mei 2019

Plek: Beheerkamer Tyd: 10:00

Baie belangrike vergadering.

Alle lede is baie welkom.

Navrae: Johan Naudé 072 436 5588 Johan Germishuys 082 334 9819

Besoek ons vir al u skryfbehoeftes benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.

BESIGHEIDSURE

Maandae tot Donderdae:

07:30 tot 17:00

Vrydae: 07:30 tot 16:30

Saterdag: 08:30 tot 13:00

Elsstraat 44 • Heilbron

Tel: 058 852 3033

Faks: 058 853 0140

heraldnuus@heilbron.co.za



Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald 082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking. Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za

JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830 Sel: 082 569 7205 Kantoor: 058 813 1067



KENNISGEWING: VEGKOP BRANDBESKERMINGSVERENIGING

Neem kennis van Vegkop Brandbeskermingsvereniging se algemene jaarvergadering.

DATUM: 9 Mei 2019 PLEK: Vegkop TYD: 18:00

Alle lede en voornemende lede binne die gebied van die brandbeskermingsvereniging is welkom om die vergadering by te woon. Husqvarna borg die aand.

Vir enige navrae kontak Lukas Swart by 082 322 5150.

Swimming Pool Specialist New Pools Pumps & Filters Pool Relinings Pool Heating JOHAN 084 668 8865 All Areas

JAARBEPLANNER

MEI	21 Huis-en Tuinbouklub vergadering
14-17 Nampo	SEPTEMBER
22 Huis-en Tuinbouklub vergadering	18 Huis-en Tuinbouklub vergadering
JUNIE	OKTOBER
12 Huis-en Tuinbouklub vergadering	12 SPAR-Gholfdag
AUGUSTUS	23 Huis-en Tuinbouklub vergadering
2-3 Boeretret	

Ontvang graad



oud-Heilbronner VERWERF GRAAD IN APTEKERSWESE: Hoe lekker is dit tog as jou passie jou werk word. Hanlie Claassen, 'n oud leerling van Heilbron en later Hoofmeisie van Afrikaanse Hoërskool Kroonstad, was nog altyd iemand wat ander onder haar vlerk wou inneem en versorg. Sy het 'n beroep gekies wat só by haar menswees pas. Sy het Aptekerswese studeer aan die Noordwes Universiteit, en is tans werksaam in Bloemfontein waar sy dit baie geniet om haar medemens te kan help.



Ruan Els, seun van Albert en Colett Els het sy **Honnoursgraad** in Meganiese Ingenieurswese aan die Universiteit van Potchefstroom ontvang.



Madithepha Alina Serathi, dogter van Stephen en Lydia Serathi van Heilbron, verwerf haar graad in **Intermediêre en Senior Fase** in Onderwys aan die Noordwes Universiteit. Sy gee tans onderrig by Metsimaholo Primêre Skool in Oranjeville.



Isabel Claassen, oud leerder van Hoërskool Heilbron het haar graad by die NWU ontvang, **BSc in Wiskunde, Chemie en Toegepaste Wiskunde.**



Gert Matthee, seun van Sarina Matthee van Heilbron, het sy **BIng graad** in Meganiese Ingenieurswese ontvang. Hy slaag dit **Cum Laude** by die NWU in Potchefstroom na 'n vier jaar kursus. Gert werk tans by 'n Ingenieurskonsultasie maatskappy in Pretoria en is besig met sy meestersgraad in Meganiese Ingenieurswese.



Andrea Maree, dogter van Louis en Carina Kleynhans, oud-Heilbronner, het haar **Baccalaureus Artium graad Cum Laude** ontvang in **Visuele Kommunikasie** met spesialisering in **Ontwerp en Illustrasie**. Sy is ook aangewys as die beste Illustrasie student van Open Window waar sy studeer het.



Riaan Claassen, oud leerling van Hoërskool Heilbron, het sy graad in **BIng Chemiese Ingenieurswese met Mineraal prosessering** ontvang, ook by NWU van Potchefstroom.



René Labuschagné, dogter van Chris en Carien Labuschagné van Heilbron, verwerf haar **Bachelor of Science Honneurs** in **Kwantitatiewe Risikobestuur** by die NWU in Potchefstroom. Sy is tans besig met haar meestersgraad in **Bedryfswiskunde en Informatika** met spesialisering in **Kwantitatiewe Risikobestuur.**

Prettige aand by Donkey Derby

Op jul merke, gereed, spring! Nog 'n suksesvolle Donkey Derby is aangebied deur Hoërskool Heilbron op Vrydag, 26 April. 'n Vol saal van ongeveer 120 mense, heerlike kos en goeie gees het gesorg vir 'n lekker aand. Tops Heilbron het die wynproe gedurende die aand aangebied. Een van die prettige aktiwiteite van die aand was om 'n R5 te gooi na 'n Klipdrift bottel in die middel van die vloer en die deelnemer naaste daaraan het die bottel gewen.

Die Donkey Derby het soos volg gewerk: deelnemers kon 'n perd van sy keuse kies wat gepaard gegaan het met 'n sekere kleur. Daarna was daar op die perd gebie en die hoogste bot is aan die deelnemer toegestaan. Nou is die perd gekoop, 'n goeie joggie is gekies, dobbelstene word gerol en die joggies was gereed om weg te spring. Die rol van die dobbelstene het bepaal water kleur perd se beurt dit is en die hoeveelheid blokke wat hy vorentoe kan beweeg. Hierdie geleentheid gaan

verseker weer aangebied word. Begin solank oefen om eerste te kan wegspring!



Candice, Jimmy en Carol de Villiers-Smith van Tops Heilbron.



Verskeie foto's van deelnemers wat gedurende die geslaagde Donkey Derby geneem is.

Hoërskool Heilbron, Kwartaal 2: 2019

2 MEI Sek. Netbal: Schonkenville (tuis) Sek. Hokkie: Viljoenskroon (weg)	Prim. Netbal: Noordskool (weg) Sek. Netbal: Weheid (tuis)	21 MEI Sek. Hokkie: H/S Riverside (weg)
3 MEI Sek. Tennis	10 MEI Sek. Tennis	23 MEI Sek. Netbal: Rondomtalie Prim. Netbal: Lumière (weg) Sek. Rugby: Phoenix (weg) Sek. Hokkie: Sun Crest (tuis)
4 MEI Sek. Rugby: Sizanani (weg)	14 MEI Sek. Hokkie: Suiderlig (tuis) Prim. Netbal: AJ Jacobos (weg)	25 MEI Hoërskool Heilbron Wintersportdag
7 MEI Sek. Hokkie: Wilgerivier (weg)	16 MEI Sek. Netbal: Vaalpark (weg) Sek. Rugby: Vaalpark (weg) Sek. ATKV Redenaars (Kroonheuwel)	27 MEI Sek. netball: Liga Finale (SHS)
9 MEI Sek. Hokkie: H/S Die Anker (weg) Sek. Rugby: Generaal Smuts (tuis)	17 MEI Prim. ATKV Redenaars (Kroonheuwel)	29 MEI Sek. Hokkie: Vanderbijlpark (weg)

L&T Boerdery presteer tydens Bloemskou

Gedurende die SAVM Super 10 Ramskou te Bloemfontein skou op 26 April, het L&T Boerdery van Heilbron uitstekend gevaar.

Jacques Jansen van Rensburg, Kudde bestuurder van L&T Boerdery, het hulle verteenwoordig. L&T Boerdery het die dag weggestap met tien pryse. Een van die ramme is as die algehele wenner aangekondig, hy het die volgende plekke behaal:

Kategorie Ramlam 90,1kg - 100kg, klas 5 - eerste plek, Kampioen Swaar Ramlam, asook Opperste Kampioen Ram.

Verder is nog vier derde plekke gewerf, een tweede plek en nog 'n eerste plek. L&T Boerdery ontvang ook die BKB Teler van Kampioene 2019 (meeste kampioene en reserves) toekenning. Sowaar 'n goeie prestasie.



Op die foto verskyn Kampioen Swaar Ramlam - 8019 LTJ. Agter: Jacques Jansen van Rensburg (L&T Boerdery), Johan en Elrike Strydom, Nefthanie Sejake en John Melville (OVK).

Heilbronners hard-loop die Two Oceans

Drie brawe Heilbronners, Rodré Germishuys en Jacques en Wilanda van Rooyen, het op 20 April deelgeneem aan die Two Oceans Marathon in die Kaap. Hulle het deel gevorm van die 50ste jaar vieringe van hierdie strawwe maraton. Gedurende die maraton kon jy óf die 21 kilometer aanpak, of die 56 kilometer. Vinnig-vinnig het hulle 'n afstand van 21 kilometer gehardloop. Rodré het die half maraton in 2 ure en 6 minute afgelê, waar Jacques en Wilanda in 1 uur en 56 minute klaar gemaak het. Die weer het nie lekker saamgespeel nie, dit het heelpad gereën, maar dit was die moeite werd.

Die motiveerders langs die pad het dit vir die atlete makliker gemaak om

deur te druk deur die reën en die koue. Rodré sê dat hierdie ervaring die lekkerste half maraton was met die meeste bulte wat net nooit wou ophou nie.

“Maar as jy 'n liefde het vir oefen en hardloop is dit elke keer spier werd”. Vir Jacques en Wilanda was dit 'n groot voorreg om te kon deelneem.

“Mooiste natuur en lekkerste gees van die begin tot die einde”, laat hoor Wilanda. Sal hulle dit weer aanpak? Verseker!



Op die foto Jacques en Wilanda in aksie.



Op die foto vl: Rodré, Wilanda en Jacques.

Heilbronners kán fluitjie blaas

Drie Heilbronners is die afgelope naweek tot NSA C-skeidsregters bevorder.

Tydens die Vrystaatkampioenskappe vir senior-, mans-, o.21- en o.19-spanne moes Annari Combrink, Carika Rochat en Tanya van Rooyen hul staal met die fluitjie en vernuf met die netbalreëls toon. Elkeen van die dames het twee uurlange wedstryde wat elk uit vier kwarte bestaan het, geskeidsreg. Hulle is met valkoë deur ses nasionale graderders dopgehou en beoordeel en aan die einde van die dag is daar besluit dat hul aan die vereistes voldoen om tot NSA-skeidsregters bevorder te word.

"Die wedstryde was ongelooflik vinnig en met tye baie fisiek. Dit was beslis nie maklik nie en aan die einde van die dag het ons tonge behoorlik op die grond gesleep," het Combrink vertel. Volgens haar is die blaasgeheim eenvoudig: "Scan, scan, scan! Jy moet weet waarheen die bal gaan gaan, wat verkeerd kan loop totdat hy onder die paal is en byhou met die patroon wat hy volg totdat hy daar kom."

Vir al drie was dit 'n ervaring waarby hul baie geleer het en wat hul nie gou sal vergeet nie. "Die Mangaung Metro senior A-span het omtrent uit die hele Crinum-span bestaan met spelers soos Rize Strauli, Lefebre Rademan, Claudia van den Berg en Tumi Mahloko. Hulle speel professionele netbal en is later vanjaar in die NPL op SuperSport te sien."

Om as 'n NSA-skeidsregter gegradeer te word, moet kandidaat:

- die Vlak 3 teoretiese eksamen met ten minste 85% slaag,
- reeds oor 'n provinsiale of SNSA-gradering beskik,
- 'n fiksheidstoets slaag,
- skeidsregterskursusse en reëlbesprekings gereeld bywoon,
- oor 'n logboek beskik waarin boekgehou word van wedstryde wat geblaas word.



VOETWERK, OBSTRUKSIE, VOORDEEL, DOEL! Die afgelope naweek het drie Heilbronners as skeidsregters by die Vrystaatkampioenskappe op Bloemfontein opgetree. Aan die einde van die dag is al drie tot NSA C-skeidsregters bevorder. Hulle is van links: Annari Combrink, Tanya van Rooyen en Carika Rochat.



Jacques en Wilanda met hul medaljes.



Foto regs: Rodré met haar medalje.

EVENBREED GROEP 14^{de} Produksieveiling

Donderdag 9 Mei 2019 | 11:00 | Diepfontein, Frankfort

ROFEE
Vanaf Frankfort:
Naam Heilbronpad v16km.
Draai links op Petrus Steyn grondpad v17km. Plan op linker kant.
GPS: S 27°24'17.3" E 28°21'33.3"

260
Bonsmara-kruis
90 Dragtige Koeie
60 Dragtige Verse
30 + 30 Koeie met Kalwers
50 Oop Verse (gereed vir bul)
Koeie kalf vanaf Julie, verse vanaf Augustus.

Beeste TB en BM skoon.
Dragtig gesertifiseer deur dr. Neels Cilliers.

Vrugbaarheid en Wolkwaliteit van hoogstaande gehalte (19-21mikron).
4-5 mnde wol

NAVRAE
PJ Muller - 060 966 9340
Corjan de Leger - 079 506 8777
Fanie vd Merwe - 082 494 3127

1010
Merino
20 Evenbreed-Ramme
300 Dragtige Ooie (4-6tand)
450 Dragtige Ooie (volbek)
160 Dragtige Ooie (slyt)
100 Oop Ooie (2-tand)
Ooie lam vanaf Julie

VLEISSENTRAAL BETHLEHEM
058 303 5226
www.vleissentraal.co.za

FRANKFORT

SPORTverslag

SPUR-Borgdag by Rolbalkklub

Die afgelope Saterdag het Heilbron Rolbalkklub weereens 'n baie suksesvolle kompetisie aangebied en spelers van Kroonstad, Heidelberg, Koppies en Frankfort asook hul eie lede het mekaar die stryd aangesê. Een van hierdie plaaslike spanne het bestaan uit die Joubert familie met Oupa Whity as “Kaptein”, Ouma Judith, kleinseun DJ en kleindogter Elanie. Alhoewel hulle nie 'n prys gewen het nie, was hulle steeds winners om as familie deel te neem. Die voortbestaan van enige sport is afhanklik van die ondersteuning van borge en die

Rolbalkklub was baie bevoorreg om ook die afgelope Saterdag weereens deur Buffalo Valley Spur geborg te word. Spelers was baie verbaas en verras toe die splinternuwe SPUR-wa sy opwagting by die rolbalbaan maak en spelers het ge-oe en ge-aa oor die spoggerige wa. Toe die wa eers sy staan gekry het, het die reuk van kos wat voorberei word baie gou aandag getrek. Na die lekker middagete was dit weer terug op die baan en die balle het met nuwe ywer heen en weer gerol. Aan die einde van die dag het Hennie Knoetze van Frankfort Rolbalkklub se span as die winners geëindig, met Linda van Caspel se span tweede. Amelia Galatis en haar span het nie teruggestaan nie en stap toe weg met die derde prys. Op Werkersdag is daar lekker by die klub saamgekuier en gebraaai na die spel.



DJ en Elanie Joubert.



Spur-wa spog met 'n nuwe baadjie.

Laaste kans vir putjiespel

Caltex-vulstasie op Heilbron borg Saterdag die plaaslike IPS kompetisie en daar is heelwat pryse op die spel tydens die dag. Aangesien dit 'n individuele kompetisie is, het lede wat nog nie hulle putjiespel uitspeelwedstryde klaar gespeel nie die geleentheid om dit nou te doen. Inskrywings vir die dag beloop R250 wat halfweg ete insluit. Kom skryf nog gerus in of skakel deur die WhatsApp groep. In Januarie 2020 sal Suid-Afrika en die SAOG-lande, saam met die res van die wêreld, met die World Handicap System saamsmelt. Die enigste beduidende veranderinge in ons huidige stelsel sal wees dat u Handicap-indeks bereken sal word deur die beste 8-tellingverskille van die laaste 20 te gebruik, met geen verlagings-persentasie nie, en die maksimum telling wat op 'n gaatjie

toegelaat word wanneer u, u Aangepaste Bruto Punte telling vir berekende doeleindes sal Netto Dubbel Bogey wees (d.w.s. net 2 oor par of nul Stableford punte). Die huidige berekening neem die beste 10 van jou laaste 20 tellings x 0.96, dus die effek van die verandering na die beste 8 tellingverskille uit 20 is dat die Handicap Indeks (HI) vinniger afwaarts sal aanpas en stadiger gaan. Daar word verwag dat hierdie verandering die gemiddelde CH sal verlaag met ongeveer 0,5 van 'n hou. Die verandering in Net Double Bogey (zero Stableford-punte) as die maksimum telling wat op 'n putjie toegelaat word, sal die gemiddelde Handicap Index verhoog met dieselfde hoeveelheid van ongeveer 0,5 van 'n hou. So sal die netto impak met verloop van tyd baie klein wees. Die uitslae van plaalike kompetisies soos volg: Saterdag - Eben Stander 39, Willem van Schalkwyk 37 en Johan Nelson 34. Woensdag - Gerrie Muller 36, Steve Maloka 35 en Jackie Leonard 34. Daar sal vanaand weer draw wees, inskrywings vir Saterdag is vanaf 11:45.



Op die foto vl: Anita en Piet Cronjé, Dorothea Boshoff en Hennie Knoetze.

BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 6 MEI 2019

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

DINSdag - 7 MEI 2019

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Jan-Hendrik Muller 072 512 2617

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy van der Westhuizen 079 418 4289

VREDE: ROME BOERDERY (JACQUES PRINSLOO & SEUNS)
600 Uitstekende Dohne Merino oële. 150 Top Bovelder tipe verse.
11:00, Rome, Vrede
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

DONDERDAG - 9 MEI 2019

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Eddie Muller 082 926 2219

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

VRYDAG - 10 MEI 2019

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za



A safe community is a happy community.

Entire communities - and our future football stars - live, work and play safely near a Transnet Pipelines underground high pressure petroleum or gas pipeline. They adhere to the servitude conditions and make sure everyone in the community does the same. The servitude is generally 6 metres wide (3 metres either side of the white markers) that runs the entire length of the pipeline and is an area over which we have rights to maintain the safety of the pipeline. It is VITAL that your actions do not affect the integrity of the

pipeline. DIGGING or building near the pipeline markers is dangerous and may lead to severe consequences including personal injury.

Help us keep your community safe. Call before you dig or encroach on the servitude area!
0800 203 843 or 031 361 1456.

